

Die Vrou se rol

Gen. 3:1-21 & Ef. 5

Inleiding

- Ons het verlede week ontdek dat daar 'n groot stuk waarheid sit in die verhale van bekende paartjies
 - Mickey en Minnie. Ken en Barby. Romeo en Juliet. Robin en Lady Marian. Shrek en Fiona. Anna en Kristoff.
- In hierdie tipe verhale sien ons iets van manwees en vrouwees oor eeue.
 - Die sterk brawe held
 - wat die pragtige heldin,
 - uit een of ander situasie red
 - om daarna in ewige geluk saam te lewe.
- Daar is iets in 'n mens wat deur hierdie 'plot' aangespreek word.
 - Skeptiese mense sal sê dis 'n stereotiep wat op mans en vroue afgedwing word
 - Universal studios en Pixar en Disney sal sê hulle lewer net aan die behoeftes van die mark. Dis in mense in.
- Maar al is dit waaroor paartjies droom op hulle troudag,
 - Word mens dikwels later wakker in 'n nagmerrie.
 - Die held is so onseker in homself,
 - Onderdruk sy vrou, of ruil haar in, of doen net niks

- en die prinses voel nie liefgehe nie
 - doen als om net weer gesien
 - of gehoor te word
- En uiteindelik land ons by 'n ab-normale situasie waar
 - die mans nie met verantwoordelikheid commit nie
 - en in die pad val as 'n verhouding werk begin raak,
 - en vrouens wat dink sy is net iets werd as sy 'n man het... al is hy 'n regte 'tang'.
- Daar is soveel voorbeelde hiervan in Vanderbijl dat mense al begin dink dis maar normaal
 - En iets wat eintlik stukkend en skeef is,
 - Word 'n norm,
 - en God se idee van normaal,
 - begin al meer vaag en vreemd lyk vir mense.
 - Selfs vir Christene
 - Vir ons kinders
- Verlede week het ons bespreek
 - hoe ons van God se *normaal* na hierdie abnormale plek beweeg het
 - Hoe om terug te beweeg
 - En wat 'n man, vervul in God, se normale rol dan is
- Vandag gaan ons gou verlede week hersien
 - En dan kyk na
 - 'n Vrou, vervul in God, se normale rol

- En die harmonie wat God eintlik vir mans en vrouens beplan het

Van God se NORMaal na ons abnormaal

Gen. 2,3

- In Genesis 2,3 het ons gesien dat
 - Jy as mens is eintlik 'n hele pakkie van goeters is.
- Terwyl Adam en Eva vrede met God gehad het
 - was hulle op 'n tweede vlak ook in harmonie met
 - hulleself,
 - mekaar
 - en die tuin.
- Maar toe hulle verhouding met God breek
 - Breek hulle verhouding met
 - Hulleself (besef hulle is kaal)
 - Mekaar (beskuldig mekaar)
 - Omgewing (moes uit die tuin)
- Eén van die onderdele van jou pakkie
 - is jou verhouding met ander mense...
 - wat insluit, die teenoorgestelde geslag
 - en as ding daar sukkel
 - is dit omdat dit in die eerste plek tussen jou en God sukkel.
- Dis die eintlike wortel waar ons van normaal na abnormaal gegaan het

- Omdat ons nou leeg is van God se liefde
 - Onseker oor onself,
- Breek ons mekaar soos ons spartel om
 - Weer man te voel
 - Vrou te voel

Die evangelie vat ons terug na God se normaal

- Die beginpunt vir heel man/vrou verhoudings
 - Is nie die man of die vrou nie
 - Dit begin by die evangelie vir hulle elkeen
- Ons het verlede week dan ook uit Hebreërs 10 gehoor dat
 - die pad na God wat toegesluit was
 - nadat Adam en Eva uit die paradys gesit is,
 - nou deur Jesus weer oopgesluit is.
- Hebreërs 10 moedig ons aan met die evangelie:

19...ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20en dit op 'n pad wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie pad het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.
- Jesus het met sy dood en opstanding aan die kruis
 - Jou skuld van gister, vandag en more uitgewis en
 - die pad na God weer oopgesluit
- om
 - jou onsekerheid oor jouself weg te vat

- jou leegheid weer vol te maak,
- jou van God se goedkeuring te verseker sodat jy met vrymoedigheid
 - nie meer soos Adam en Eva hoef weg te kruip vir God nie,
- maar na Hom toe kan hardloop,
- En soos wat ek rus in sy liefde vir my
 - Word die res van my pakkie weer heel
 - Dis nie meer plekke waar ek lewe hoef te soek nie
 - Ek het dit mos nou
 - Dis plekke waar ek God se lewe kan gee
 - myself,
 - my medemens / man + vrou
 - God se skepping.
- Verlede week het ons uit Efesiërs 5 ontdek
 - 'n man wat so geanker is in die evangelie
 - Maak soos Jesus
 - Misbruik nie sy krag nie
 - Maar gebruik sy krag om sy bruid
 - Krag te gee
 - Te koester
 - Te versorg
- En nou is ons by die vraag oor die vrou se rol.
 - Dit laat my dink aan 'n grappie wat jy dalk al gehoor het:

- “Agter elke suksesvolle man staan ‘n verbaasde skoonma!”
- Maar volgens die Bybel is daar iemand anders wat agter ‘n ware man staan, ‘n ware vrou!
 - ‘n Vrou geanker in die evangelie
 - En dit bring harmonie tussen ‘n man en vrou
- Kom ons kyk...

‘n Vrou se rol

- In Efesiërs 5:21-33 sien ons hierdie normale rolle van God vir ‘n man en vrou geanker in die evangelie
 - En dat dit dieselfde DNA het as Jesus se verhouding met die kerk.
 - Dieselfde patroon behoort gevolg te word
- Kom ons lees wat daar vir vrouens gesê word:

²²Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. ²³Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. ²⁴Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

- Hierdie is woorde wat vandag vir baie mense sooibrand kan gee,
 - en verseker nie die polities-korrekte ding is om te sê nie.

- Maar voor iemand my met iets gooi... kom ons kyk dieper..!
- Die woord onderdanig se oorspronklike bedoeling is
 - om *onder* iemand in te gaan en van daar af by te staan.
 - 'n ander woord is *onder-steun*.
- Die bedoeling word vir ons verder duidelik as
 - vir ons gesê word dat ons dit beter sal verstaan
 - as ons kyk na die kerk se rol teenoor Jesus.
- Wat is dit?
 - Jesus roep sy kerk as sy liggaam
 - Sy lyf op aarde om saam met Hom te werk
 - En die kerk is beslis nie Jesus se vloerlap nie.
 - Nee, omdat die kerk so belangrike rol het, doen Jesus alles om die kerk te versorg.
 - En die kerk se rol is om te help en te ondersteun.
- En dis die patroon vir 'n vrou teenoor haar man.
 - Ondersteuning en hulp
 - Ek moet nog die man ontmoet wat dit nie in 'n vrou wil hê nie.
 - 'n Vrou wat sê: "My man, eks agter jou. Jy's great! Ek glo in jou. Jy is my held. Ek sal help en ondersteun waar jy my ook al nodig het."

Harmonie

En dit bring ons om die geheimenisvolle harmonie hier te begin ontdek.

Kyk baie mooi, vers 21 sê: “Wees uit eerbied vir Christus aan **MEKAAR** onderdanig.”

Dit sluit dus die mans ook in. Die mans moet ook onder hulle vrouens ingaan en hulle oplig. Die man is in hierdie sin onderdanig aan die vrou wanneer hy vir haar die nodige liefde, en koestering en leiding gee.

Maar jy sien. Vir ‘n man en vrou is dit verskillende dinge wat jou oplig.

Die man se rol is leiding en liefde, nie omdat Hy belangriker is nie, maar omdat dit ‘n vrou se grootste behoefte is. Dit lig haar op.

En ‘n vrou gee hulp en ondersteuning, nie omdat sy minder belangrik is nie,... maar omdat dit ‘n man se grootste behoefte is. Dit lig hom op.

Wanneer elkeen so aan die ander onderwerp is – kom ‘n wonderlike harmonie.

- Dit is wat bedoel word in vers 28:

²⁸Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief.

- Jy skiet dus net jouself in die voet as jy nie vir die ander een gee wat hulle nodig het
 - Om jou te kan ondersteun nie.
- Dit is dan die harmonie:
 - Sorg vir haar ...sodat sy vir jou kan sorg!
 - Sorg vir hom ...sodat hy vir jou kan sorg.
 - Albei onderdanig aan mekaar

Maar wat as jy baie ver hiervan af is?

- Begin by die Here en anker jouself weer in die evangelie
 - Selfs al is jou man of vrou nie aldag vir jou lief nie
 - Jesus is. Rus eers daar. Rus eers daar. Rus eers daar.
- En begin en hou aan om jou rol uit te leef.
 - Nie omdat hy dit verdien nie
 - Nie omdat sy dit verdien nie
- Maar, soos vers 21, uit eerbied vir Christus.
 - Hy het eerste vir jou gesterf om jou lewe te gee
 - Sterf in jouself, en speel jou rol, want dit is weer wat jou man of vrou kan aktiveer.
- Daar is huwelike wat so ver breek, dat dit baie moeilik weer heel kan word.
 - En dit is waarskynlik omdat die man of vrou opgehou het om
 - Hulle in die evangelie te anker
 - En hulle rol vir die ander te speel.

- Hulle verstaan nie dat 'n huwelik nie oor hulle twee gaan nie
- Maar eintlik bedoel is om 'n groot liefdesverhaal te wees
 - Nie van die man en vrou nie
- Maar vir die wêreld
 - Van Jesus die bruidegom
 - Wat sterf vir sy bruid
 - Sodat sy vir Hom kan lewe.

Slot

- God se normaal – is ons patroon vir ware lewe
 - Nie die ab-normaal waaraan ons so gewoond geword het nie.
- Jy is 'n hele-pakkie-wese
 - Als begin en eindig by jou verhouding met God
 - Al voel jy ver...
- Jesus het die pad na God weer oopgesluit
 - Jy kan jousef weer daar in die evangelie anker
- Geanker in Jesus is jy as man geroep om jou krag te gebruik om
 - Jousef vir jou vrou te gee
 - Haar te koester
 - en te versorg
- En jy as vrou is geroep om jou man

- te ondersteun
- te help
- Dit maak 'n baie vervullende harmonie moontlik

- Maar meer as dit
- Sulke huwelike vertel vir 'n seer en stukkende gemeenskap die beste liefdesverhaal wat vir hulle ook hoop kan gee:
 - Van Jesus die bruidegom
 - Wat sterf vir sy Bruid
 - Sodat sy waarlik weer kan lewe.

Mag ons Jesus só navolg

En ons gemeenskap hom in ons huwelike sien

Amen

Griffel van Wyk
15 Mei 2016
Trinitas